

16 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 106:1-33

### Die belofde land versmaai

Psalm 105 teken Israel se geskiedenis veral uit die oogpunt van God se genade. Psalm 106 vertel egter die geskiedenis uit die oogpunt van die volk se sonde. Psalm 105 praat oor God in sy genadige trou. Psalm 106 handel weer veral oor God in sy regverdige, bestraffende trou.

Psalm 106 vertel die geskiedenis van Israel vanaf die uittog uit Egipte tot by die Babiloniese ballingskap. Die skarnierpunt van die Psalm lê in vers 24-27 waar daar staan dat Israel die belofde land "versmaai" het. Alles draai eintlik om hierdie belangrike gedagte. Israel se groot sonde was dat hulle God se bruidskat aan hulle, naamlik die belofde land, geweier het.

Hier is 'n lied van iemand wat die Here loof en bid dat die Here hom en sy volk moet verlos uit die verstrooiing onder die nasies. Hy begin met 'n oproep om die Here te loof oor sy verbondsliefde waaraan daar geen einde is nie. In hierdie oproep moedig hy terselfdertyd die volk aan om geregtigheid te beoefen. Hy erken dat die verstrooiing die verdiende straf op hul sonde is. Die volk is reeds van die uittog uit Egipte af gedurig in opstand teen God. Hulle was by herhaling opstandig en ondankbaar en het selfs die lewende God vir 'n afgodsbeeld verruil.

Israel se geskiedenis is vanweë hul sonde een groot oordeel. Hulle het die belofte van die Here oor die heilige land gering geag. Daarom is hulle dan ook daaruit weggevoer.

*Sing: Psalm 38:1,2,8*

*Dr F van der Walt (Bellville-Oos)*